### *`n Evangelie vir die welgesteldes*

**68** (vervolg) [8] Na hierdie les staan **die vrou** met haar kinders op, dank My nog eenmaal saam met haar kinders en roep ten slotte hardop uit: "O Elohim van Abraham, Isak en Jakob, hoe groot, goed en gewyd en hoe oneindig magtig en wys is U, wat ons arme sondaars `n Mens uit U hart gegee het wat die mag gekry het om al ons liggaamlike en geestelike gebreke te genees! U, gewyde Vader, slegs aan U alle lof vir ewig, alle liefde, alle eer en alle lofprysinge! U, o goeie Vader, hoe goed is U vir hulle wat slegs op U vertrou! Wel bestraf U almal hard wat U gebod nie navolg nie, maar as die berouvolle sondaar dan weer tot U roep: 'Goeie gewyde Vader, vergeef my as swakke!', O, dan verhoor die heilige goeie Vader hom dadelik weer en help hom met Sy Almagtige Arm uit elke nood!

[9] O mense, neem almal `n voorbeeld van my! Ook ek was `n sondares, en Elohim het Sy altyd gewyde tugroede verskriklik op my laat neerkom, maar ek het nie gewankel in my vertroue nie, ek het berou oor my sonde en het vuriglik tot die Vader in die hemel gebid, en kyk, Hy, slegs Hy, het my smekinge gehoor en my wonderbaarlik gehelp uit die grootste en verskriklikste nood!

[10] Vertrou en bou daarom almal slegs op Hom! Want as geen mens meer kan help nie, kom Hy en help hulle wat in die benoudheid verkeer! Almal loof Hom sonder ophou daarvoor! Want slegs Hy kan elkeen waaragtig help! Maar vir U, goeie gestuurde uit die hemele, dank ek ook nog `n keer, want U moet self `n gewyde Werktuig in die hand van die Almagtige Elohim wees!"

[11] Hierdie uitroep, sonder dat die vrou dit weet, het My getref, **en gee My selfs trane van groot ontroering,** sodat Ek My van haar moes afwend.

[12] Dit merk **Cyrenius** en hy sê: "Meester, wat is dit met U dat U ween?"

[13] En **Ek** antwoord: "Vriend, sulke kinders is daar maar weinig op die aarde! <u>**Sou Ek as die Vader**</u>, vir wie sy so heerlik prys, dan nie van vreugde tot trane geroer kon word nie? O, Ek sê vir jou: Meer as elke ander vader! Kyk, sy is nou een soos wat elke een moet wees, en sy gee My onbeskryflik baie vreugde! Maar sy moet ook merk wat dit beteken dat Ek van oorgrote vreugde oor haar gehuil het!"

[14] Na hierdie woorde droog **Ek** die trane van My oë af en sê vir die vrou en kinders wat nog heeltemal van liefde tot Elohim gloei: "Liewe vrou! Omdat jou liefde en jou geloof in Elohim so sterk is, soos wat dit nog maar selde voorgekom het, daarom kan Ek jou nie net so laat gaan nie. Stuur die oudste seun na jou man toe om hom te gaan haal, want Ek het nog iets baie belangriks om met hom te bespreek!"

[15] Na hierdie woorde hardloop die seun dadelik na die stad en kom gou met die geneesde vader terug.

[16] Toe beide opdaag, sê **Ek** vir hom: "Vriend, Ek het jou laat roep sodat jy nie slegs na liggaam nie, maar veral ook na siel heeltemal gesond kan word sodat jy sal weet waarom dit alles met jou gebeur het. In die eerste plek sal jy gedurende hierdie aand My gas wees saam met jou liewe vrou en jou kinders, en ten tweede sal jy hier soveel sien en hoor, dat jy daardeur maklik te wete sal kom wie die Een is wat jou genees het. Nadat jy en jou vrou dit verstaan het, sal dit vir julle nog duisendmaal ligter in die gemoed word, en jy sal insien dat jy werklik volkome genees is.

[17] Maar nog voordat die tyd vir die aandete aanbreek, sal ons nog na die nuwe sinagoge wat deur Jaïrus gebou is, gaan, en Jaïrus, sy vrou, sy dogter, haar man Borus, Cyrenius, Cornelius, Festus, Kisjonah, jou vrou en jou kinders sal ons begelei. Daar moet jy iets gewys word wat jou baie sal versterk in jou geloof!"

[18] Die geneesde man, wat **Bab** heet, sê: "Meester, dit geskied soos wat U wil! **Ek is bereid om U tot aan die einde van die wêreld te volg."**

[19] Na die woorde van Bab begewe ons ons dadelik na die sinagoge, wat jy as jy `n bietjie vinnig loop in `n kwartier, maar as jy gemaklik loop, in `n halfuur kan bereik.

### *Weer in die grafkelder van Jaïrus*

**69** Weldra kom ons daar aan, betree die sinagoge en gaan na die grafkelder waarin Sarah meer as vier dae gelê het, waar die lykbande en doeke nog steeds lê waarmee Sarah as dooie in toegedraai was, waar daar egter ook `n dooie uit die vriendekring van Jaïrus lê. Hy was `n seun van twaalf jaar oud, wat al anderhalf jaar (1,5 jaar) gelede aan `n kwaadaardige siekte oorlede is. Hy lê in `n kis van sederhout en was al geheel en al tot op die gebeente vergaan.

[2] By die aanskoue van hierdie kis kry **Jaïrus** trane in sy oë en hy sê half huilend: "Is die wêreld tog nie vreeslik nie! Die teerste blomme ontluik op haar bodem en wat is hulle lot? Om te sterwe en te vergaan! Die welriekende geur van die roos word maar al te gou die geur van walging en die tere, onskuldige lelie versprei tydens haar ontbinding `n weersinwekkende aroma; die hemelsblou van die hiasint word dofgeel soos die dood en die angelier

sterf – net soos duisende van haar welriekende susters.

[3] Hierdie seun was, as `n mens dit kon sê, `n engel! Die vrees van Elohim het hom reeds vanaf die wieg besiel, en op sy tiende jaar het hy die Skrif al geken en het hy die gebooie soos `n vrome, volwasse Judeër onderhou, kortom, sy waarlik kinderlike vrome lewenswandel en sy verbasende lewendige geestelike vaardighede was regverdiging vir ons mooiste verwagtinge. Maar hy kry toe `n kwaadaardige siekte en geen dokter het daarmee raad geweet nie, en so sterf hierdie seun met alles wat `n mens met reg binne `n afsienbare tyd van hom sou kon verwag het.

[4] Dan vra jy jou tog af waarom JaHWeH Elohim, wat vol liefde en barmhartigheid is, dit doen aan mense wat op Hom hoop en vertrou! Duisende arm kinders dwaal sonder onderdak en beskaafdheid rond, en Elohim roep hulle nie van hierdie aarde af weg nie, maar kinders van ouers wat alle moontlikhede besit om hul kinders `n opvoeding te gee wat aan Elohim welgevallig is, moet gewoonlik die onderspit delf! Waarom dan op hierdie manier?

[5] As dit vir Elohim welgevallig is om maar slegs verwilderde kinders op hierdie aarde te stel, wat nouliks vyf woorde kan praat, dan doen Elohim goed daarmee deur elke kind wat wys dat hy meer verstand besit, dadelik van die aarde af weg te neem en slegs die sukkelaars naas die ape in die lewe te laat oorbly! Maar as Elohim die bedoeling het om geestelik aktiewe, vrome, Elohim kennende en liefhebbende mense op hierdie aarde te hê, dan voel ek dat Elohim meer op die lewe van sulke kinders moet let, as wat tot nou toe treurig genoeg die geval was!"

[6] **Ek** sê: "Beste vriend Jaïrus, jy praat soos wat jou menslike verstand dit vir jou ingee, maar Elohim doen dit wat Hy op Sy goddelike manier al die eeue insien en verstaan, en wat Hy moet insien en verstaan, omdat jy en alles wat bestaan andersins nie sou bestaan het nie! Maar daarnaas doen jy met jou verwyte tog vir Elohim `n onreg aan.

[7] Want as Elohim alle kinders, wat reeds in hul jeug gees en talent vertoon het, van die wêreld af sou wegneem, dan sou julle almal, die wat nou hier by My is, al in die aarde vergaan het! Maar omdat julle nog behoorlik op julle leeftyd hier is, is jou verwyte aan Elohim nie geregverdig nie! Want julle was in julle jeug ook geestelik veelbelowend, julle was ook kinders van, in elke opsig, baie vermoënde ouers, en tog het Elohim julle laat lewe, terwyl Hy elders by die heidene talle duisende kinders deur maagkoors en baie ander kwaadaardige siektes van die aarde af weggeneem het. En daarvoor het die arme ouers net soveel leed gedra as die ouers van hierdie seun, wat tans nog lewe **en in sy plek drie arm kinders aangeneem het.** Hierdie drie kinders is nou heel waardige opvolgers van hierdie een kind, wat in die loop van tyd vanweë sy aansienlike talente te veel vertroetel en verwen sou word deur sy ouers, wat hom meer liefgehad het as vir Elohim. Hy sou ten slotte geheel en al nie voldoen het aan die hoë verwagtinge van sy ouers nie, want hy sou slegs `n ingebeelde, trotse en eiesinnige sukkelaar geword het, waarmee geen hoëpriester iets te doen sou wou hê nie!

[8] Elohim sien dit egter al aankom, neem hom op die regte oomblik weg van hierdie wêreld af en **gee hom in die hiernamaals aan die engele vir `n beter opvoeding**, sodat hy vinniger die bestemming kan bereik wat Elohim afsonderlik vir elke mens vasgestel het.

[9] Bowendien het Elohim ook voorsien dat die tyd nou sou aanbreek waarin Elohim se Naam voor julle verheerlik sal word. En kyk, daarom laat Elohim hierdie seun al anderhalf jaar gelede tot sterwe kom, sodat hy ver genoeg ontbind sou wees wanneer God die Meester hom weer sal opwek. Daarom, tel die kis nou uit en maak hom oop!"